

**21 Januarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 23:1-6**

**Fokusgedeelte: Psalm 23:5**

### **Die Bruilofsmaal van die Lam**

Hier vind ons een van die duidelikste voorbeelde van die Bruilofsmaal van die Lam. Elkeen van ons wat in Hom glo, is 'n eregas aan sy tafel. Ons bekers loop oor met meer seëninge as wat ons nodig het, ja, selfs meer as wat ons verdien, en dan word ons ook nog elke dag geolie met die Heilige Gees, soveel so dat sy teenwoordigheid van ons drup soos die olie van Aäron se baard gedrup het.

Ons vernaamste vyand, Satan, kyk woedend toe hoe God ons seën. Maar hy is hulpeloos om enigiets daaromtrent te doen, want God hou hom steeds gebind. En in hierdie seëninge wat God ons gee, sien Satan ook reeds die oordeel wat op hom wag, en dit maak hom nog meer woedend.

En tog, die seëninge wat ons nou ontvang, is bitter min in vergelyking met dit wat ons nog sal ontvang by die Bruilofsmaal, waarna ons elke dag biddend moet uitsien.

Ons moet elke dag bid dat hierdie Maaltyd, waarvan ons nikks verdien nie, spoedig moet aanbreek. Aan God alleen die eer. Amen.

*Sing: Psalm 23:1,2*

*Theologiese Student Johann Engelbrecht*

